NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE : MODERATUUR : 2 FEBRUARIE 2005

1. OPENING

1.1 Die voorsitter, ds Hansie Schutte, open met gebed.

2. PRESENSIE

Ds Hansie Schutte - Voorsitter
Dr Chris van Wyk - Onder-voorsitter
Dr Schalk du Toit - Aktuarius
Ds Danie Mouton - Skriba

3. EKUMENE

3.1 Streekskonvente (SK 2004-11-25 pt 6.4.1)

3.1.1 Reëlings is getref dat die moderatuur en Oos-Kaapse lede van die VGK Kaapland se verteenwoordigers op die UK Konvent op 2 Februarie 2004 saam beplan oor die hou van streekskonvente. Die VGK-afvaardiging het die byeenkoms egter op kort kennisgewing gekanselleer met die versoek dat ons eers ‘n amptelike skrywe aan die VGK Sinodale Kommissie rig om toestemming vir so ‘n gesprek.

3.1.2 Die skriba het intussen so ‘n amptelike versoek gerig.

3.1.3 Ds Schutte het korrespondensie met ds Pieter Grove, voorsitter SK VGK, na aanleiding van die kerkherenigingsproses gevoer. Dit blyk dat daar steeds groot afstand is tussen die verskillende kerke is.

3.1.4 Die NGK Oos-Kaapland bly steeds verbind tot kerkeenheid en die bou van onderlinge verhoudinge.

3.1.5 Aanbeveling:
3.1.5.1 Die dagbestuur neem kennis dat die ontmoeting nie met die VGK Moderatuur kon plaasvind nie.
3.1.5.2 Die SK-Dagbestuur moedig ringe, kerkrade en gemeentes aan om doelgerig verhoudinge te bou met ringe en gemeentes in die familie van NG Kerke. Ringe en gemeentes moet ook reeds op plaaslike vlak in die Familie gesprek voer met die oog op die hou van die streekskonvente.

3.2 UK Konvent (Bylaag E tot SK-Dagbestuur van 2005-02-03)

3.2.1 Die UK van die konvent vergader op 11 April 2004 te Port Elizabeth.

3.2.2 Die Sinode se sterk verbintenis word by hierdie geleentheid opnuut gekommunikeer en ‘n verbintenis tot ‘n daadwerklike proses van vordering van die ander deelnemers gevra.

3.3 Aansoek: Lidmaatskap SA Raad van Kerke (SJ 2004-11-25 pt 6.4.8)

3.3.1 Die aansoek is afgehandel, en die lidmaatskapgelde word eersdaags oorbetaal.

3.4 Konferensie Kerkgrond Hervorming (Church land reform)

3.4.1 Ds Schutte het die NG Kerk se standpunt oor grondhervorming by bogenoemde konferensie van die ECPCC gestel.

3.4.2 Die wesenlike belang van grond vir swart mense, en die verband tussen grondbesit en rykdom in die swart kultuur, het duidelik na vore gekom.

3.4.3 Uit die konferensiedokumente blyk dat gemeentes in die Oos-Kaap oor sowat 1400 hektaar grond beskik.

3.4.4 Verteenwoordigers van kerke is versoek om aan te dui in watter mate kerklike grond vir grondhervorming benut kan word. ‘n Lys met verskillende plaasname is vir hierdie doel deur die ECPCC voorsien.

3.4.4 Aanbeveel dat die DA vasstel aan wie die kerklike grond wat met die NG Kerk binne die Oos-Kaapse sinodale resort verbind word, behoort.

4. BUITENGEWONE SINODE (SK 2005-11-25 pt 6.4.13)

4.1 Datum: 18-20 Oktober 2005

4.2 Beplanning

4.2.1 Aanbeveel dat ‘n ontwerpspan saamgestel word, bestaande uit Barnard Steyn (s), Rethie van Niekerk en Danie Mouton met die reg op koöpsie. Verslag word aan die SK-Dagbestuur op 14 April 2005 gedoen.

5. ANDER SAKE

5.1 Heffing vir projekkoördinering en projekbestuur (SK 2005-11-25 pt 17.4.2.8)

5.1.1 Aanbeveel dat die heffing goedgekeur word. Dit is reeds op die begrotingsyfers verreken.

5.2 Kapasiteit: Skriba / Kommunikasie

5.2.1 Aanbeveel dat die skriba se kapasiteit uitgebou word deur van die hulp van 'n lid van die SK gebruik te maak.

5.3 Hofmeyr

5.3.1 'n Mondelingse navraag is van ds Pieter Grove ontvang oor moontlike hulp met die hantering van die geskil oor die kerkgebou. Die saak het reeds voor die SK-Dagbestuur gedien, en geen grond vir sinodale betrokkenheid by die geskil tussen die VGK Hofmeyr en lidmate van dié gemeente wat met die NGKA assossieer oor die eiendomreg ten opsigte van die kerkgebou kon gevind word nie.

5.3.2 Aanbeveel dat die SK-Dagbestuur by sy standpunt bly dat ons geen locus standi in die saak het nie.

5.4 Patmos

5.4.1 Geen verdere gesprek is met Patmos gevoer nie. Die ring is steeds betrokke.

5.5 Kerkspieël 2004

5.5.1 Tendense in Kerkspieël 2004 rondom persepsies en skuiwe in denke is belangrik vir die beplanning van bediening in die Oos-Kaap.

5.5.2 Aanbeveel om drr Jan Bischoff en Kobus Schoeman te nooi om tydens 'n ope dag toeligting oor die gegewens van Kerkspieël te gee.

5.5.3 Begroting:
- Vervoer R3,000;
- R1,000 vir 'n spesifieke Oos-Kaapse inligtings-dokument.

Die begroting vir visionêre leierskap word vir hierdie doel aangewend.

5.6 Kerklike inseëning: huwelike

5.6.1 Die aktuarius gee terugvoer dat die kerklike inseëning van huwelike sonder 'n wetlike proses nie kan realiseer nie. Die huwelikswet beskerm die reg van persone in verhoudings sodanig dat 'n kerklike inseëning vir die staat as 'n huwelik sal geld.

6. AFSLUITING

6.1 Dr Schalk du Toit sluit met gebed af.